

'n OORBLYFSEL ...

DEUR GENADE ALLEEN

*Aan die Koning van die eeue, die
onverderflike, onsienlike, alleenwyse
God, kom toe die eer en die
heerlikheid tot in alle ewigheid.
Amen. (1 Tim. 1:17)*

Hannes Ollewagen

INHOUD

HOOFSTUK

BLADSY

Inleiding

1. Wanneer sal ons op God se waarskuwings en roepstem ag slaan?	1
2. God se doel met ons volk aan die Suidpunt van Afrika	4
3. Ons volk se afvalligheid en afgodery	6
4. Die strafgerig van God oor ons volk	12
5. Politieke misleiding	17
6. Het God ons dan totaal vergeet en verwerp?	20
7. Die oorblyfsel van ons volk	22
8. Verootmoediging ons enigste uitweg	25
9. Gebed vir die Oorblyfsel van ons volk	28



INLEIDING

Na 'n jare-lange worsteling met die dinge waaroor u hierin sal lees, het ek dit noodsaaklik geag om my gedagtes in boekvorm aan medevolksgenote beskikbaar te stel. Hierin lê 'n bemoedigende boodskap maar ook 'n aanmaning aan my geliefde volksgenote om dringend te gaan doen wat vir 'n lang tyd deur ons volk nagelaat is om te doen.

My liefde vir my God het ook tot gevolg gehad dat ek sekerheid moes kry of dit God self is wat die hierdie dinge in my hart en gemoed bewerk, en of dit dalk iets is wat ek uit eie krag wou bestuur. Ek het egter daarvan oortuig geraak dat dit my hemelse Vader is wat my hiertoe gebring het en dat ek die gedagtes wat Hy in my plaas wel ter skrif moet stel.

Die volgende tekste is aan my geopenbaar en het dan ook as duidelike boodskappe gedien om my daarvan te oortuig dat daar 'n uiteindelijke, groter boodskap is wat ek met u moet deel:

04/01/2014: Deut. 8:5-6:

"Erken dan in jou hart dat die Here jou God jou onderrig soos 'n man sy seun onderrig, en hou die gebooi van die Here jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees."

05/01/2014: 1 Tim. 4:6-16: Met beklemtoning van onderstaande uitgeligte verse:

Vers 6: *"As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het."*

Vers 9: *"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word;"*

Vers 10: *"want hiervoor arbei ons ook en word ons gesmaak, omdat ons gehoop het op die lewende God wat 'n behouder is van alle mense, insonderheid van die gelowiges."*

Vers 11: *"Beveel en leer hierdie dinge."*

Vers12: "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."

Jeremia 1:7: "Maar die Here het vir my gesê: Moenie sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek."

Vir my was bostaande verse uiteindelik genoeg bevestiging om sekerheid te kry om met hierdie werk voort te gaan in die wete dat-sou selfs net een volksgenoot se geloof hierdeur versterk word in hierdie tyd waarin ons mense besig is om moed te verloor en selfs die geloof te verloor - dan was my poging die moeite werd, want ons weet dat vir elke siel wat gered word, daar groot blydskap in die Koninkryk van God is.



EEN

WANNEER SAL ONS OP GOD SE WAARSKUWINGS EN ROEPSTEM AG SLAAN?

Jer. 2:1-4: "En die woord van die Here het tot my gekom en gesê:

Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem en sê: So spreek die Here: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aan geloop het in die woestyn, in 'n onbesaaide land.

Israel was vir die Here 'n heiligheid, die eersteling van sy opbrings; almal wat hom opeet, sal skuld op hulle laai, onheil sal oor hulle kom, spreek die Here.

Hoor die woord van die Here, huis van Jakob, en alle geslagte van die huis van Israel!"

Hoe hard en duidelik wil ons volk hê dat ons Almagtige Vader met ons spreek voordat ons sal luister? Mense is daaglik besig met nuttelose verkiesingsveldtogte en vryheidstryde van allerhande aard wat op niks sal uitloop nie, want dit is nie wat God op die oomblik van ons vra nie.

Raak stil en luister wat God vir ons sê. Hy onthou hoe ons volk Hom eens in opregtheid en heiligheid gevolg en gehoorsaam het en dit was reg en welbehaaglik in Sy Oë!

Deut.10:12-15: "En nou, Israel, wat eis die Here jou God van jou as net om die Here jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die Here jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

om te hou die geboorte van die Here en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is.

Maar net aan jou vaders het die Here 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is."

Ons ouers en ook die huidige geslag het egter die teenswoordige wêreld meer begin liefkry as vir ons Vader en die liefde vir wêreldse genot en aanvaarding het die oorhand gekry bo die liefde vir God, Sy Woord en Sy volk. Dus het die liefde vir God in baie mense se harte verkoel of is selfs totaal uitgeblus.

Die roeping om as 'n volk in afsondering vir God te leef het totaal vergete geraak, want dit is mos natuurlik die gevolg as jy jouself só besig hou met dinge van die wêreld, dat daar nie meer tyd en plek vir God in jou lewe oorbly nie. Onthou, waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees!

Enige persoon wat weens omstandighede al 'n swerwelingsbestaan moes voer en nie 'n vaste adres het wat hy sy woonplek kan noem nie, sal saam met my kan getuig dat jou adres nie bepaal waar jou huis is nie, maar die mense wat vir jou lief en dierbaar is in jou lewe – by hulle beskou jy jouself as “by die huis”, soveel te meer as daar iemand is wat 'n spesiale plekkie in jou hart beklee. Jou huis is dus inderdaad waar jou hart is.

Hoe kan iemand verwag om die ewige lewe te beêrwe en daar gelukkig te wees as hy die teenswoordige wêreld só liefgekry het dat sy hart heeldyd terug sal verlang na sy aardse liefde? Is God nie veronderstel om daardie spesiale plek in ons harte te beklee sodat ons kan uitsien om heen te gaan om met Hom te wees nie? Indien jy reken dat Hy wel laasgenoemde plek in jou hart beklee, waarom is dit dan nie vir jou belangrik om Hom gehoorsaam te wees, lief te hê en sodoende te behaag nie?

Wat anders het God van ons gevra as om Hom te vrees, lief te hê, in Sy Weë te wandel en Hom te dien? Hy het ons sonder verdienste uitverkies om vir Hom 'n volk te wees en wil vir ons 'n God wees, maar ons leer uit Sy Woord dat wanneer ons Hóm wil aanbid, daar nie plek mag wees vir enige ander gode nie. Deur wêreldse misleiding is ons wysgemaak dat ons God maar mag aanbid en

dien soos wat dit óns pas, nie soos wat Hy dit vir ons gee in Sy heilige Woord nie. Hierdie dwaling het veroorsaak dat ons volk totaal en al van ons God vervreemd geraak het!

Hoor u die verskriklikheid van die laaste sin? Ons God het vir ons Vreemdeling geword – ons ken Hom nie meer nie! Kon enige profeet enigiets meer onheilspellend en verskriklik oor ons sien kom as dit? Die God wat ons Lotsbeskikker en Leidsman was, in hierdie land vanaf 6 April 1652 tot nou, het vir ons 'n Vreemdeling geword.

'n Groot meerderheid van ons volk het verval in 'n “tradisiegodsdiens” waar daar net eenvoudig op 'n Sondag kerktoe gegaan word òf om die gewete te sus òf uit pure gewoonte; daar word nie meer uitsluitlik kerktoe gegaan om na God se leiding te gaan soek in die hartsbegeerte om deel te wees van die gemeenskap van gelowiges nie. En sou jy vir hierdie lidmate vra waarom hulle kerktoe gaan, sal die ontwykende of verdwaalde antwoorde jou verstom. 'n Groot aantal kerkgangers wat waarlik geen kennis van God het nie terwyl hulle tog gereeld daar sit.

***Jes. 29:13-14:**”...daarom sal Ek voortgaan om wonderlik te handel met hierdie volk, wonderlik en wonderbaar; en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal wegskuil.”*



TWEE

GOD SE DOEL MET SY VOLK AAN DIE SUIDPUNT VAN AFRIKA?

Wat was God se doel met ons volksplanting aan die suidpunt van Afrika?

Jes. 5:1 – 8: "Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring.

Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd.

Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring?

Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word.

En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie.

Want die wingerd van die Here van die leërskaer is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!

Wee hulle wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen grondeienaars in die land is."

God het ons as Sy volk hier aan die suidpunt van Afrika geplant, 'n edele en vrugbare wingerdstok met die verwagting dat ons sou vrug oplewer. Ten spyte van Sy groot verwagting, was die oes teleurstellend. Tog het Hy nie moed opgegee nie, en net nóg arbeid aan Sy wingerd spandeer in die hoop dat hierdie ekstra werk die

vrug sou voortbring soos Hy gehoop het. Maar weereens was die opbrengs 'n groot teleurstelling.

Ná talle vrugtelose oeste het die Landbouer besluit om die wingerd oor te gee om verwoes te word en om nie verder arbeid daaraan te bestee nie. Waarom sou iemand arbeid of moeite aan 'n saak afstaan wat keer-op-keer teleurstel? Ná jare se wonderwerke, beskerming en versorging in ons volksbestaan het God ons ook oorgegee om verwoes te word aangesien ons as volk opgehou het om vrug te dra; ten spyte van Sy arbeid, het ons teleurstellende opbrengste gelewer. Omdat ons die Here onse God verlaat het en Sy vrees nie meer onder ons volk is nie, sal ons booshede ons tugtig en ons ongeregthede ons straf.

***Jer.2:19:**"Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die Here jou God verlaat het, en dat my vrees nie by jou is nie, spreek die Here, die Here van die leërskaar."*



DRIE

DIE AFVALLIGHEID

EN AFGODERY VAN ONS VOLK

Wat het ons as volk dan só geweldig verkeerd gedoen dat Hy ons sou oorgee om verwoes te word? Ons het dan nie vir ons afgodsbeelde of 'n gegote kalf soos die volk Israel van ouds gemaak nie?

Jer. 2:23: "Hoe kan jy sê: Ek is nie verontreinig nie; ek het nie agter die Baäls aan geloop nie? Kyk jou weg in die dal; weet wat jy gedoen het, jou vinnige jong kameelkoei wat rond hardloop!"

Verse 29 – 33: "Waarom twis julle met My? Julle almal het teen My oortree, spreek die Here.

Tevergeefs het Ek julle kinders geslaan; hulle het geen tugtiging aangeneem nie; julle swaard het julle profete verslind soos 'n verskeurende leeu.

o Geslag, verneem die woord van die Here! Het Ek vir Israel 'n woestyn geword of 'n land van duisternis? Waarom sê my volk dan: Ons swerf vry rond, ons sal nie meer na U toe kom nie?

Kan 'n jonkvrou haar versiersel vergeet, 'n bruid haar pronkgordel? Maar my volk het My vergeet, dae sonder getal.

Hoe goed kry jy jou pad om liefde te soek! Daarom het jy ook jou weë aan die slegte dinge gewend gemaak."

Dit is seker so dat ons nie vir ons fisiese afgodsbeelde uit hout of klip gekap het nie, maar hieronder is 'n lysie van ons alledaagse, moderne afgode, dinge wat vir die meeste mense so belangrik geraak het dat dit hulle verhouding met God laat skade ly. En ten spyte daarvan dat hulle dit besef, doen hulle niks om dit te verander nie. Hoewel elke kind van die HERE in 'n voortdurende stryd van selfondersoek behoort te verkeer om te verseker dat hy niks in sy lewe méér liefhet as vir God nie, is die onderstaande in talle kinders van die HERE se lewens die mees algemene afgode wat hulle verhouding met God laat skade ly sonder dat hulle dit

aanspreek. Klaarblyklik is dié afgode vir hulle belangriker is as om te doen wat God behaag - daarom dat ek dit as “afgode” klassifiseer:

- Mammon
- Sport
- Televisie & Vermaak
- Selfverafgoding & Menseverering

Mammon

Wanneer enigiets vir my só belangrik raak dat ek bereid is om my beginsels vir die handhawing of bevordering daarvan te verslap of selfs te versaak, moes ek reeds die gevaarligte sien flikker het. Wanneer 'n persoon besef dat sekere dinge in sy lewe vir hom TE belangrik raak, sal hy dit eerder goedpraat as om die probleem aan te spreek. Sy betoog ten gunste daarvan sal soms na 'n geldige maar ook 'n vae verskoning klink. 'n Voorbeeld hiervan kan die onderwerp wees *of 'n mens geld nodig het om van te leef*. Hierdie stelling wat welliswaar nie 'n leuen is nie kan gestaaf word veral in die samelewing waarin ons onself bevind waar alles teen 'n prys beskikbaar is. As 'n Godsvresende nasionalis en behoudende Boere-Afrikaner kan ek ook nêrens in die Woord daarmee fout vind om hard te werk en op 'n eerlike en eerbare manier vir jou en jou gesin 'n goeie lewe te bewerkstellig nie. Wanneer jy dit met 'n dankbare gesindheid teenoor jou Skepper doen is die kans ook goed dat Hy die werk van jou hande selfs meer sal seën as dit waarvoor jy gewerk het. Hardwerkendheid is 'n goeie eienskap en werd om na te streef.

Wanneer die geld agter jou arbeid egter jou enigste dryfveer word en jy begin glo dat jy deur jou eie krag en vermoëns vir jouself rykdom kan verwerf, sal jy jou dankbaarheid teenoor God vir die goeie wat Hy aan jou skenk verloor. Dan begin dit onnodig lyk om die Sabbatdag te onderhou en jou geloftes aan Hom gestand te doen, want tyd, moeite en geld word hiervoor geverg. Stadig maar seker swaai die skaal in die guns van Mammon. Jou mond spreek

dalk een ding, maar jou optrede en lewe weerspieël die teenoorgestelde. Wanneer die monster van gierigheid jou beetpak sodat jy nie meer vergenoegd en tevrede is met dit wat jy besit nie, sal 'n normale lewensbestaan nie meer vir jou genoeg wees nie. In jou gierigheid sal jy later net Mammon se skatte najaag en in jou dwaasheid nie die werklike koste daarvan kan bereken nie. Heel moontlik laat dit jou bankbalans goed lyk, veral as jy bykomende planne maak, moontlik dat jou vrou ook 'n ekstra werk bekom terwyl jy reeds 'n goeie inkomste het. Die feit dat jou vrou nie meer voldoende tyd aan die kinders sal kan spandeer nie, skeel jou min, want dit is belangriker om met 'n blink motor by jou 'vriende' te spog as met welopgevoede, Godsvresende kinders. Dit wat jy vir 'jouself' kan vermag is meer belangrik as dit wat God aan jou toevertrou het. Dalk reken jy dat Hy nie alleen die Gewer van lewe is nie? Jy sal nie toelaat dat die tuinwerker jou nuwe motor in of selfs uit die motorhuis trek nie, maar jy sien toe dat sy vrou jou kinders grootmaak? En daar is 'n kamer vir die bediende wat vir jou gerief moet inwoon maar daar is nie plek in die huis vir ouma of oupa wat siek is en versorg moet word nie - te veel moeite?

Ook is my sakeondernemings op Sondag oop, want dit is immers die besigste dag van die week vir goeie besigheid. Durf ek sê dat God my handewerk seën terwyl ek doelbewus die vierde gebod van Sy Wet oortree? Ek gee immers vir die wêreld daarbuite met my optrede te kenne dat ek my eie voorspoed bewerk deur sewe dae van die week hard te werk en te ontken dat ek van my Hemelse Vader afhanklik is vir my daaglikse brood deur 'n dag van dank vir Hom af te staan.

Sport

Ek is self 'n persoon wat aktiewe sport geniet en glo dit is ook goeie ontspanning en gesond vir liggaam en gees, maar die waansinnige wyse waarop nasionale en internasionale sport bejeën word, is die oorsaak van ons volk se verval. Die verering wat elke dingetjie wat met sport te make het soos vlae, bekere, hoedjies en talle ander dinge, is verafgoding van die sportgod wat in die plek van ons God kom staan het. Ons is in die Skrif hierteen gewaarsku en nog bring

ons nie die kloutjie by die oor dat dit deel is van die heidense geldmag wat kliphard meewerk om 'n wêreld van geestelike verval te bewerkstellig ter wille van hulle geldkoffers nie.

Deut.4:16&17: "...sodat julle nie verderflik handel deurdad julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou, 'n afbeelding van enige dier wat op die aarde is, 'n afbeelding van enige gevleulde voël wat in die lug vlieg."

Genot en vermaak

In 'n lewe waar kinders grootword sonder om iets konstruktiefs met hul tyd te doen, is die leuse van die meeste jongmense vandag: "Jy moet jou lewe geniet want jy leef net eenmaal." Dit is onbetwisbaar waar dat 'n mens net eenmaal op aarde leef, dit op geleende tyd van God. Hierdie is dan ook die rede waarom jy seker moet maak jy lewe reg, want soos tereg opgemerk is, jy het EEN kans.

Om REG te lewe beteken geensins dat jy 'n Fariseërs-lewe moet lei waar jy met 'n Joodse-slaafsheid mensgemaakte wette navolg om 'n plek in God se koninkryk te probeer verdien nie. Inteendeel, daarmee word bedoel dat jy 'n lewe sal leef waarin jy tyd vir God sal inruim om Hom waarlik te leer ken. (Luk. 13:24).

Die meeste mense verkies egter om eerder hul tyd voor die televisie, of te wel daardie duiwelsdoos, deur te bring, as om tyd in te ruim om God se Woord te bestudeer of saam met die gesin huisgodsdienste te hou.

Wanneer iemand vandag die televisie met 'n afgodsaltaar van ouds vergelyk, word hy gebrandmerk as verkramp of belaglik. Hier is egter genoeg redes waarom 'n televisie 'n instrument in die hand van Satan is:

- Sodra die televisie in die sitkamer ingeskuif word, is dit net 'n kwessie van tyd voordat die huisaltaar daaruit verwyder word. Daar is dan mos nie meer tyd vir gesinsake en godsdienste nie. Die Bybel gaan mos nêrens?

- Kinders word blootgestel aan die voorbeeld van gemengde huwelike, morele afvalligheid en buite-egtelike verhoudings asof daarmee niks fout is nie. Die sedelike verval vind so ongesiens plaas dat dit nie meer na waarde geag word nie. Die huwelik as 'n heilige verbond voor God tussen Godsvresende mans en vroue word doelbewus hier afgekraak en ons laat ons kinders toe om hierdie onheilige dinge gade te slaan asof die leuen daarvan reg en goed is! **En as die leuen genoeg herhaal word, word dit later vir die waarheid aanvaar!**
- Dit is nie bloot toeval dat die koms van televisie in ons land beveg is deur behoudende volksgenote soos Albert Hertzog en Jaap Marais nie. Hulle het die gevaar daarvan op 'n myl sien kom. Volksgenote wat nie geestelik weerbaar was daarteen nie, sou noodwendig 'n geestelike verval daardeur beleef. Die televisie is in 1975 in ons land verwelkom as 'n sogenaamde wonderwerk, maar vandaar het ons volk nie per ongeluk in 'n morele modderbad beland nie; dit was alles deel van die internasionale geldmagplannetjies om Suid-Afrika weerloos te laat. Voordat u egter my of wyle mnre. Marais of Hertzog of enige ander volksgenoot wat hierdie standpunt huldig, verkramp noem, moet u dalk ondersoek instel na die intellektuele diepte van die TV-programme wat nou u tyd in beslag neem.
- Aangesien die televisie, asook ander vorme van massa-media, die mag het om mense se vermoë om vir hulself te dink totaal te belemmer of af te stomp, word dit so uiters effektief deur die bose geldmagte aangewend om persepsies te vorm. **Weereens: as die leuen genoeg herhaal word, word dit vir die waarheid aanvaar!** So kon die wêreldmagte daarin slaag om 'n kommunistiese en selferkende ateïs, 'n veroordeelde bomplanter en terroris, se beeld in die oë van die mensdom te verdraai na 'n "swart messias" wat feitlik wêreldwyd aanbid is. Die televisie het dan al sò 'n integrale deel van die meeste huishoudings geword dat mense heeltemal vergeet het dat alles wat daarop vertoon en daarvoor verkondig word, nie as bloot geloofwaardig aanvaar kan word nie. As daar lank genoeg op iemand se prestasies

gehamer word sonder om die persoon se foute en misdade daarmee saam uit te lig, kan die misdadiger na feitlik 20 jaar se heldeverering seker foutloos aan mense voorgehou word.

As die leuen genoeg herhaal word...

Bogenoemde is maar net 'n paar voorbeelde van die vernaamste moderne afgode wat algemeen onder volksgenote as onskadelik beskou is en waarvoor hulle alles in die stryd sal werp om dit te verdedig en te behou. Hulle sal selfs hulle kinders se Christelike, Nasionale Onderrig oor die afgrond werp ter wille van sport, geld en andere. Ons volk staan skuldig voor God weens die feit dat ons toegelaat het dat ons harte verlei word om agter ander gode aan te loop. Ons het Hóm in die proses vergeet en verlaat, nie Hy vir óns nie.



VIER

DIE STRAFGERIG VAN GOD

OOR ONS VOLK

Die opskrif van hierdie gedeelte sal waarskynlik as gekheid aangesien word, veral wanneer geglo word dat ons 'n liefdevolle God aanbid wat ons nooit straf nie. Hierdie gedeelte is 'n leuen wat groot ooreenkoms toon met die leuen wat die Jode verkondig dat hulle as uitverkorenes feitlik mag lieg, bedrieg en moor soos wat hulle wil sonder om te sondig. Ek lees nêrens in die Bybel dat God se eienskap as 'n regverdige God ooit verlore gegaan het nie. In soverre my kennis strek is en bly Hy die onveranderlike God en Koning van die heelal. Dit is Sy volk wat telkens afdwaal en doen wat verkeerd is, nie Hy nie! Ons was nie terdeë op ons hoede en het nie gewaak teen die aanslae van die Bose nie; daarom dat ons in 'n geestelike oorlog beland het waarvoor ons nie gerat was nie.

Daarby het die leiers van ons volk misleiers geword omdat hulle harte verlei is om in die vlees agter vuile begeerlikheid aan te loop (Verwysing 2 Petrus 2:10). Die misleiers van ons volk wat oorbodige weelderigheid as genot ag, 'n hele volk bedrieg en uitverkoop, en nie ophou om te sondig nie, sal sekerlik die loon van ongeregtheid ontvang! (Verwys na 2 Petrus 2:12-22). Spesifiek vers 18 is só op ons volk van toepassing wanneer ons na leiers kyk wat met trotse woorde vol onsin ons volk verlok het deur begeerlikhede van die vlees, nl. om ons 'n land te belooft waarin ons in vrede en harmonie onder die dekmantel van versoening en vrede sal leef! Met wíe hulle wou versoen is egter die kwessie, want as daar met God versoen moes word sou hulle nie sy Almagtige Naam uit ons land se grondwet uitgeskryf het nie! Die misleiers van ons volk het probeer om God van sy eer te beroof en het ook in die proses ons en ons nakomelinge van ons erfenis in ons land beroof, maar waarom sou God dit dan toelaat? Ook gevra, waarom nie? Waarom het ons nie opgetree toe die bedrieërs openlik gelieg en Hom van die eer wat Hom toekom probeer beroof het nie? Ons het nie geluister nie.

Maar daar was 'n klein groepie mense wat probeer het om ons land en volk van ondergang te red. Daar was 'n klein groepie mense wat, met hul menslike foute en swakhede ten spyt, verbete geveg het vir die behoud van 'n Christelike volk en vaderland. Daar was 'n klein groepie, 'n Gideonsbende, wat vir die Waarheid gestry het. Daardie klein groepie het probeer om die straf wat oor ons volk sou kom weens ons ongehoorsaamheid en vuile begeerlikhede na wêreldse dinge, te vermy; daardie strafgerig wat so mooi beskryf word in Jesaja 5.

Na vele bepeinsing en navorsing oor hoe ons as een van die mees vooruitstewende en magtigste volke op aarde so 'n patetiese nederlaag kon lei deur ons land en erfenis te verloor sonder om 'n skoot te skiet, kon ek tot geen ander gevolgtrekking kom as die duidelike antwoord dat ons onder 'n strafgerig van die Almagtige verkeer nie. Ons is seker een van die enigste volke wat ons land nie net weggee het sonder om 'n enkele skoot van verdediging op die vyand af te vuur nie, maar ook met oortuiging 'n patetiese kruisie op 'n stukkie papier 'n streep deur ons volk se geskiedenis getrek het. Ons volk was in ons verstand verduister en is daarom mislei om ten gronde te gaan weens 'n gebrek aan kennis. Omdat ons godsdiens slegs 'n gewoonte geword het terwyl ons harte vir Hom afgestomp geraak het, het Hy toegelaat dat ons so 'n ontriumfantlike nederlaag ly. Die wingerd wat nie wou vrug dra nie, is oorgegee om verwoes en vertrap te word. Ons het, waarskuwings ten spyt, aangehou om beginsel na beginsel prys te gee om die begeerlikhede van die wêreld te akkomodeer. Ons het nie geluister na Hom wat slaan nie en Hom nie gesoek om die regte pad aan te dui of Hom geraadpleeg in ons besluite nie – wat anders as hierdie nederlaag het ons verwag? (Verwys na Jesaja 9:7-15).

Dit is verbysterend hoe die woorde in Jes. 9:15 van die onfeilbare Woord van God wat duisende jare gelede al vir ons gegee is, op ons eie volk van toepassing is. Ons vryheid is juis van ons ontnem deur die verraderlike optrede van leiers wat misleiers geword het. Dit is ook die rede waarom ons telkemale so naby aan verset gekom het, maar nie kon oorgaan tot aksie nie, want voordat dit kon gebeur, is ons weereens mislei en bedrieg. Die leuengees het totale verwoesting onder ons gesaai omdat ons nie die Waarheid ken om

die leuengees te kan onderskei nie! Predikante het vanaf kansels mense in hul goedgeelowigheid mislei en bedrieg - sommige doelbewus en ander wat self mislei was. Hul inkomste en aansien het vir hul belangriker geraak as gehoorsaamheid aan God. Die mense na wie opgesien is vir leiding in kritieke situasies, het mense by hul duisende in die afgrond in mislei omdat hulself nie die Waarheid geken het nie!!

Alhoewel die politieke en geestelike “leiers” van ons volk ons mislei het, staan ons as individue nie sonder skuld nie. Ons moes opgetree het toe hul begin dwaal het, maar ons kon nie, want ons het ten gronde gegaan weens ‘n gebrek aan kennis! - ‘n logiese gevolg as jy God uit gewoonte dien maar Hom nie ken nie! Was die woorde in Hoséa 4:6 nie vir ons ‘n skrikwekkende wekroep nie?: “My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.” Ons jongmense ken God nie meer nie, daarom sal Hy hulle vergeet.

Sy Woord is nie net blote geskiedenis nie – dit is Waarheid en is steeds van toepassing op ons lewens vandag – hoe modern en wonderlik ons onself ook al mag beskou. Wanneer ons nie daarop ag gee nie, sal ons maar net die vernietigende gevolge daarvan aanskou wanneer dit te laat is. Ons is vanaf kansels en podiums mislei om te glo dat ‘n tradisionele “godsdienst” vol mensgemaakte wette en verordeninge welbehaaglik voor Hom is omdat ons Hom nie ken nie. In Jesaja 29:13&14 lees ons duidelik dat God geen behae het in hierdie tipe van “godsdienst” nie, maar dat Hy van ons verwag om Hom lief te hê en uit liefde gehoorsaam te wees en te dien.

Deut. 10:12 - 13: “En nou, Israel, wat eis die Here jou God van jou as net om die Here jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die Here jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooue van die Here en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?”

Deut. 10:20-21: “Die Here jou God moet jy vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en by sy Naam sweer. Hy is jou lof, en Hy is jou God wat hierdie groot en vreeslike dinge wat jou oë gesien het aan jou gedoen het.”

God waarsku hierdie “profete, leiers”, of te wel misleiers, in Miga 3 dat hulle Hom tevergeefs sal aanroep, maar Hy sal na hulle nie luister nie en hulle laat beskaamd staan. Is dit toevallig dat die kerke vandag alles in die stryd werp om mense ter wille te wees en die Woord van God te verdraai om by die mens te pas? Ten spyte daarvan dryf gemeentelede in groot getalle weg en sien ons hoe die kerke een-vir-een leegloop. Mense gaan na die huis van God omdat hulle ‘n behoefte van toenadering tot God het, maar as Hy nie daar te vinde is nie, wat sou die doel daarvan wees? Sou dit nie beter wees om jouself dan in jou binnekamer toe te sluit en Hom daar van ganser harte te soek nie? Vir jou geestelike welstand, verseker! Vir die geldgierige misleiers en Mammon-dienaars, verseker nie, daarom dat hierdie ultra-moderne geboue opgerig word en die leemte wat daar in menige gelowiges se harte is, gevul moet word met ‘n emosie-belaaide samekoms waarin afgode vereer word. Mense stroom na hierdie Baäl-tempels, onbewus daarvan dat die god van die wêreld daar vereer word.

Die kerke self het God uit die kerk verdryf deur agter die wêreld aan te loop en in hul strewe om die mense en die regering van die dag ter wille te wees, die waarheid te verloën. Onder die valse vaandel van vrede word ons volk uitgemoor in ‘n oorlog waarin ons nie mag terugveg nie. In ag genome hoeveel volksgenote se bloed gevloei het van 1994 tot vandag het ons die slagoffergetalle gedurende die Tweede Vryheidsoorlog oorskadu.

Hierdie harde werklikhede sal verswyg word, want dit sal lidmate uit die kerk hou. Dit is mos negatief en die wêreld is klaar negatief genoeg, word gesê. Mense wil nie nog hierdie negatiewe dinge hoor nie en as daar nie lidmate in die kerk is nie, is daar ook nie ‘n inkomste nie. Die besorgdheid oor leë kerkbanke is groter as bekommernis oor die geestelike welstand van mense. Daar kan vinnig ‘n biddag vir reën gehou word in tye van droogte, want waarmee sal ons ons rekeninge betaal as God nie vir ons voorsien om ‘n inkomste te genereer nie? Maar waar is die biddag vir ons volk se geestelike droogte? Ons word verneder, verarm, vermoor, maar geen biddag word hiervoor gehou nie. Omdat daar geen finansiële gewin daaruit te put is nie?

Dit is onbetwisbaar dat daar wel 'n geringe klompie leraars is wat steeds verbete veg om die verkeerd in die kerk te probeer herstel en steeds as ware herders na die kuddes wat aan hulle toevertrou is, om te sien. Mag elkeen van hierdie opregte herders deur die Gees van die waarheid gelei word om nooit eiebelang en blote tradisies na te streef nie, maar dat die geestelike welstand van hul kudde hulle eerste belange sal bly. Mag ons ook onthou dat een van die grootste wonderwerke in ons volk se geskiedenis plaasgevind het in 'n tyd waar die kerk afwesig was terwyl ons volkgenote opreg en Godsvresend was. Hulle diens aan God en aanbidding van Hom was nie bloot 'n aangeleerde mensegebod nie. Hulle het Hom opreg liefgehad en aanbid en kon Hom aanroep in die dag van benoudheid, Hy het hulle uitgehelp en hulle het Hom geëer. (Verw. Ps. 50:15).



VYF

POLITIEKE MISLEIDING

Dit is ongelooflik hoeveel volksgenote uiteindelik tot die besef en erkenning gekom het dat hulle deur volksleiers mislei is, maar steeds dink hulle dat daar vir ons heil by 'n stembus of in die politieke arena is.

God het deur misleiding van ons leiers 'n feitlik ongeneeslike wond aan ons volk geslaan wat alleen deur Hom genees sal kan word. Nog niks het ten goede verander in die harte van diegene wat ons land weggegee het nie. Daar sal nie 'n gesindheidsverandering plaasvind nie aangesien God ons harte eers tot Hom wil rig om nie op mense te vertrou nie, maar in stille vertrou ons oë op te slaan na Hom van wie ons heil sal kom!

Mense volg steeds politieke partye slaafs na omdat enigiets beter sal wees as die huidige, onbevoegde regering wat volgens hulle soveel swaarkry en ellende veroorsaak. Heeltemal verduister in hul verstand en denke, besef mense nie dat die swaarkry en ellende juis oor ons gekom het omdat ons ons vertrou in mense gestel het en van God vergeet het nie. Geen politieke party sal ons land kan herstel nie, want net ons Vader alleen sal die wond kan genees wat aan ons volk geslaan is. (Verw. Jes. 30:26).

Vir my lê daar geen hoop en heil by die stembus nie, aangesien ek uit die staanspoor myself nie kan vereenselwig met 'n onwettige regering wat deur bedrog en verraad die mag bekom het nie. Deur deel te neem aan 'n verkiesing erken ek hul bestel en ek kan dus nie my erkenning of goedkeuring gee aan 'n bestel wat met bedrog, leuens en verraad tot stand gekom het nie.

Onderhandelinge vir 'n klein gedeelte van ons Vaderland is net so onhaalbaar en daarby 'n taktiek wat die onheilsmagte gebruik het om ons gewoond te maak aan die "werklikheid" dat ons ons erfenis sal moet afstaan en hulle dalk vir ons 'n klein deeltjie daarvan sal toestaan. Daar word nooit gesê hoe lank ons daarvoor sal moet wag nie; daarby is dit verwaand om te verwag dat ons ons hele Vaderland moet prysgee in ruil vir 'n breukdeeltjie daarvan. Ons

hele land is met bloed en smeekgebede gekoop en verower en ons durf nie daardie heldedade van ons voorgeslagte vergeet en gaan skuiling soek in die skadu van 'n goddelose regering in ons eie land nie!! (Verw. Jes. 30:1-3).

Hoe ek ookal smag na 'n eie stukkie land waarin ons in vrede en veiligheid afgesonderd kan leef om God te dien, sal ek nie die waarskuwing in Jes. 30:9 – 14 ligtelik opneem en glo dat ons ons eie heil kan uitwerk nie, en daarmee nalaat om nie ons verlossing van Hom af te pleit nie.

Ons enigste uitweg uit ons ellende is om terug te keer na God, in nederige opregtheid!! (Verw. Jes. 30:15). Dit beteken dat elkeen homself moet verloën om onvoorwaardelik aan God ondergeskik te wees, want eers dan sal ons die klein, onderlinge geskille tussen mekaar opsy kan skuif. Ons sal dan besef dat die meerderheid van ons onderlinge verskille gedryf word deur selfliefde en nie 'n liefde vir God en wat die beste vir die eer van sy Naam en Koninkryk op aarde is nie.

God sal ons nie verhoor solank ons Hom met selfverheerliking aanroep nie. Hy sal hierdie strafgerig oor ons volk laat voortduur totdat ons Hom met ons hele hart opsoek! (Jer. 29:12&13).

Dit klink verskriklik dat 'n God van liefde toelaat dat sy kinders so swaarkry en onderdruk word. As Hy dan waarlik 'n God van liefde is wat boonop oor die Almag beskik, waarom verander Hy nie ons lot en lyding in 'n oogwink na voorspoed en heil nie?

God is nie alleen 'n God van liefde soos wat baie dwaalleraars wil verkondig nie – Hy is ook 'n God van waarheid en geregtigheid. Hy het ons vooraf gewaarsku dat Hy hierdie strafgerig oor ons sou bring as ons nie na sy Stem luister nie. Ongelukkig het die meeste kerke hierdie waarskuwing van God verswyg en die volk het hom nie daaraan gesteur nie. God het dus toegelaat dat die strafgerig oor ons kom om aan ons te toon dat Hy ons Lotsbepaler, Skepper, Onderhouer en Vader is, en dat ons onself sal vernietig as ons op mense en wêreldheersers vertrou. Ten spyte daarvan weier ons steeds om ons na Hom te wend vir verlossing, en probeer ons telkens ons eie heil uitwerk met politieke partye, volksrade,

weerstandsbewegings en nog andere, wat uiteindelik almal deur sataniese wêreldmagte geïnfiltreer sal word om ons mense te bly mislei.

Watter deel van “Geen verlossing sonder bekering” verstaan ons nie? (Verw. na Jes. 59:1&2 & Opskrif). Die feit dat God ons nie verlos nie, is nie omdat Hy nie in staat daartoe is nie; ook nie omdat Hy nie wil nie, maar omdat ons nie ons deel van hierdie ooreenkoms nakom nie – ons probeer alles sonder Hom, en weier om onself voor Hom te verootmoedig. Dan kom SMEEK ons vir verlossing uit Sy Hand. Hy wag met ongeduld op ons om die voorvereiste vir ons verlossing na te kom juis sodat Hy ons kan verlos!

Jes. 30:18 -19: “En daarom sal die *HERE* met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die *HERE* is ‘n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!

Want ‘n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou.”

God straf ons nie uit vermakerigheid nie. Dit is vir Hom baie onaangenaam om Sy kinders te sien ly, maar Hy het ons heeltemal te lief om ons te los om aan hierdie bose wêreld gelykvormig te word, want dit sou beteken dat ons vir ewig verlore sou wees!! Ons kan dus uit Jer. 31 en Jes. 30 sien dat God ongelukkig is oor ons swaarkry en met ongeduld daarop wag om ons te verlos. Hy wag egter vir ons om Hom aan te roep vir ons verlossing nadat ons onself voor Hom verootmoedig het. Dit help nie ons bid vir verlossing sonder ware berou en die wegdraai van die verkeerde nie. Sonder bely en laat staan stuur ons gebede wat nie tot Sy Oor sal opklim nie, aangesien ons ongeregthede soos ‘n skeidsmuur tussen ons en Hom staan. (Jes. 59:2).



SES

HET GOD ONSDAN TOTAAL VERWERP?

Ontkenning van die werklikheid verander die ware toedrag van sake vir die individu in 'n leuen wat hom pas, maar dit verander nie 'n snars aan die realiteit nie. Ons wil nie graag hoor dat ons land deur 'n onbevoegde meerderheidsregering regeer word nie. Die feit dat ons dit nie wil hoor nie, verander nie die werklikheid nie.

God se liefde vir ons is te groot om ons te verwerp. Hy sal nooit so iets doen nie. Ongetwyfeld is die liefde van ons God groter as wat ons menslike verstand kan begryp - groter as wat die liefde van 'n aardse vader vir sy seun is. God se liefde is ook onbegryplik vir die wat Hom ook liefhet - let wel, vir diegene wat Hom liefhet, nie vir ALMAL nie.

Dan het ons mos niks om oor bekommerd te wees nie? Ons het God mos lief? Dit verklaar seker waarom ons onself besig hou met soveel verkeerde dinge soos Sondaghandeldryf, dobbelhuise, bordele, dronkpartye met vuil grappe en praatjies, pornografiese materiaal, bedrog, leuens, alles walglike dinge wat genoem is. Hierdie dinge het ongelukkig, realisties beskou, 'n integrale deel van ons volk geword, 'n leuenswyse. Kinders op hoërskool wat die huwelik as 'n heilige sakrament van God beskou, wat eerbiedig moet word, word uitgekryt as agterlik of verkramp en word uit die vriendekringe uitgeskuif.

Daar word deurgaans na vandag se kinders verwys as bedorwe en dit is geen leuen nie. Ongelukkig is hierdie verdorwendheid nie net beperk tot die jeug nie – wie het hierdie jeug opgevoed, nee verskoning, grootgemaak? Ouers het beloftes gemaak om hul kinders in God se weë op te voed, maar dit dra geen krag meer soos vroeër nie.

Die Gelofte van 16 Desember 1838 word nie meer eerbiedig en nagekom nie, maar ons soek eerder verskonings waarom ons dit nie hoef na te kom nie. Mense reken dat hulle voorouers die Gelofte gemaak het en dat dit nie bindend op hul gewete is nie.

Betekén dit die plaas waarvoor jou pa hard gewerk het en aan jou as erforsie nagelaat, is nie joune nie, want jy het dit nie gekoop of hard daarvoor gewerk nie?

Net soos wat 'n erforsie van een geslag na 'n ander oorgaan, so gaan geloftes voor God van die een geslag na die ander oor. Die feit dat 'n spogplaas wat in jou skoot val jou pas en 'n gelofte wat 'n verantwoordelikheid op jou plaas jou nie pas nie, maak geen verskil aan die REALITEIT, of voor God nie. Ongeag hoe belangrik jy jouself beskou en dus reken dat 'n ander stel reëls vir jou geld as wat vir die res van die wêreld geld, is God regverdig en sal Hy jou onder dieselfde kam skeer as die res van die wêreld. As jy jou geloftes aan Hom verwerp, sal jy die straf daarvoor dra!

Ps. 50:14-15: "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."

Hoe duidelik wil jy dit uitgespel hê? Hou aan om verskonings te soek om nie jou Geloftes na te kom nie, maar wanneer die dag van benoudheid oor jou neerdaal en jy om hulp roep, roep maar na jou "gemakgod", want die God van waarheid stel 'n voorwaarde daaraan as jy Sy Hulp wil bekom. Wanneer die oormag op jou toesak om jou grond te gryp, moet God nie verwyt as Hy nie ag gee op jou roepstem nie, want jy het nie ag gegee op sy waarskuwings nie!

Jer. 15:1&6 "MAAR die HERE het vir my gesê: Al staan Moses en Samuel voor my aangesig, my siel wil niks van hierdie volk weet nie; dryf hulle van my aangesig af weg, en laat hulle heengaan.

(v6): Jy het My verwerp, spreek die HERE, jy het ál agteruitgegaan; daarom strek Ek my hand teen jou uit en verwoes jou; Ek is moeg om berou te hê."



SEWE

DIE OORBLYFSEL VAN ONS VOLK

Jes. 6:10-11: “Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.”

Toe sê ek: Hoe lank, Here? En Hy antwoord: Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot ‘n wildernis.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat God die volk oorgegee het aan die begeerte van sy hart, nl. om weg te dwaal van Hom af. Die volk wou God die rug keer en ná talle vermaninge om terug te keer na Hom, het God hierdie wederstrewige volk gelos om sy eie weg in te slaan; ‘n weg wat lei na ondergang en vernietiging van morele en sedelike waardes, vernietiging van sy geskiedenis, identiteit, trots en sy Godsdiens!

Ons volk het vir homself ander gode gekies by name van Mammon, die sportgod, die televisie-afgod en talle ander wat al in hierdie skrywe genoem en selfs nagelaat is. God laat Hom egter nie bespot nie en het hierdie volk gelos om alleen te stap op ‘n pad waarheen Hy hulle nie gelei het nie.

Betekén dit dan nou die einde van ons volk? Sal ons dan nou sit en wag tot die dag dat die laaste een van ons vernietig is? En dalk sal ons volk se naam nie eers onthou word nie. Wanneer ons kyk hoe apaties ons ons land en erfenis weggegee het, verdien ons nie veel beter nie. Ons verdien nie eers ‘n vinnige uitwissing in God se toorn nie – ons verdien ‘n lang, uitgerekte en uitmergelende dood waarin ons spyt en verwyte ons sal verteer!!

Jes. 9:12-15: “Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërske nie.

Daarom sny die HERE van Israel af kop en stert, palmtak en biesie, op een dag.

Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert;

en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op ‘n dwaalweg gebring.”

Dit is egter onteenseglik waar dat daar diegene in ons volk was wat geweier het om God die rug te keer. 'n Klein groepie het oorgebly om die stryd vir die behoud van ons volk en ons geloof voort te sit - ware, Godsvresende kinders van die Almagtige, geroep en bewaar deur Sy Genade.

Deur Sy Genade, het Hy vir Hom 'n oorblyfsel uit hierdie volk oorgehou om nie die goddelose en regverdigte saam oor te gee aan Sy toorn nie. Hoe meer die volk afgewyk het langs die verkeerde weë, des te meer het hierdie mense die volk vermaan om terug te keer en harder voor God gepleit vir die terugkeer.

Jes. 10:19 – 23: *“En die oorblyfsel van die bome van sy bos sal min in getal wees, en 'n seuntjie sal hulle kan opskrywe.*

En in dié dag sal die oorblyfsel van Israel en die wat ontvlug het van die huis van Jakob nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie; maar hulle sal steun op die HERE, die Heilige van Israel, in opregtheid.

Die oorblyfsel sal terugkom, die oorblyfsel van Jakob na die sterke God toe.

Want al was jou volk, o Israel, soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel van hulle sal terugkom; die verdelging is vas besluit en vloei oor van geregtigheid.

Want 'n verdelging wat vas besluit is, sal die HERE HERE van die leërskare voltrek in die midde van die hele aarde.”

As bogenoemde gedeelte jou nie met ontsag vul nie, het jy dringende aandag om te skenk aan jou geloofslewe. Hierdie is 'n saak wat vas besluit is deur God en wat nie afgeweer kan word nie, maar waarin Hy ons weer die geleentheid bied om deel van die oorblyfsel te wees.

Op grond waarvan kan ek kwalifiseer om deel van hierdie oorblyfsel te wees? Op grond van SY onverstaanbare groot GENADE!! As hierdie besef jou nie tot verootmoediging dryf nie, weet ek nie of enigiets jou op aarde daarheen sal kan beweeg nie. Dit is tog die rede waarom ek aanvoer dat ons geen ander uitweg na verlossing het as deur verootmoediging voor God nie. Ons verdien nie om in genade aangesien te word nadat ons volk Hom die rug gekeer en ons erfenis op 'n skinkbord weggegee het nie.

Versoening met die Bose word deurgaans verkondig en ons word imuun daarteen. Daarom dat ons hierdie booshede elke dag gadeslaan sonder dat dit ons weersin wek of ons siel kwel.

Alhoewel min in getal, is daar egter 'n klein groepie mense in ons volk wat aanhou stry vir die behoud van ons volksgees en ons Godgegewe erfenis waardeur 'n afhanklikheid van God en geloof in Hom soos 'n goue draad geweef is. Hierdie erfenis is wat ons op 'n tyd weer sal laat besef dat ons gruwelooslik gehandel het toe ons nagelaat het om ons land, volk, kultuur en taal met ons hele wese teen die aanslae van die Bose te beskerm.

Ons geskiedenis en erfenis herrinner ons ook aan die geloftes voor God wat ons moes nakom, die wonderwerke wat Hy aan ons gedoen het en ook dat Hy dit weer vir ons kan doen, mits ons in die spore van ons voorsate volg om ons afhanklikheid van Hom te bely en ons voor Hom te verootmoedig.

Dit is elke volksgenoot se plig om persoonlik te verootmoedig, jou eie lewe en dae voor die voete van die HERE neer te lê, en dienooreenkomstig te leef om vrug vir God te dra sodat jy nie verdroog en sonder vrug gevind sal word en saam met die ander vrugtelose bome uitgeruk sal word op die dag van oordeel nie.

Niemand kan forseer word om hul voor God te buig nie, maar ek kan die belangrikheid daarvan aan jou voorhou en bid dat jy nie Christus se genade sal misbruik om 'n lewe van ongebondenheid te leef nie (verw. Judas vers 4) en ons Meester sodoende sal verloën nie. Ek kan maar net biddend pleit dat die besef van die grootheid van Sy Genade jou in ootmoed voor Hom op jou knieë sal neerdwing.



AGT

VEROOTMOEDIGING ONSE ENIGSTE UITWEG

WAT BETEKEN VEROOTMOEDIGING?

Die vertrekpunt van ons vryheidstrewende en eerste tree na ons verlossing is dus om ons voor God te verootmoedig. Dit beteken nie om 'n gebed van sondevergifnis te bid en te glo dat alles nou weer reg is nie. Prof. A.H. van Wateren gee die mooi beskrywing van **verootmoediging**:

Ootmoed beteken letterlik om jou met 'n gevoel van onderdanigheid, ontsag en nederigheid te onderwerp.

Dit spreek vanself dat ons onself slegs só aan God wil en kan onderwerp as ons dit opreg bedoel, en so 'n ontsagvolle, nederige en onderdanige onderwerping kan alleen plaasvind as dit gepaardgaan met 'n belydenis – dat Hy die ware en enigste Gesagsbeker van volkere en nasies is.

Met verootmoediging bely ons dan eerstens dat ons God se gesag oor ons lewens erken, tweedens dat ons ons ten volle aan sy gesag wil onderwerp en derdens dat ons ons eie onmag besef en dus om Sy Genade pleit.

Kort saamgevat, bely ons met verootmoediging, die belydenis in Rom. 11:36:

“Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”

In die bogenoemde verduideliking kan ons glashelder sien waarom die wêreldheersers van hierdie eeu alles in die stryd werp om te verhoed dat ons onself voor God verootmoedig! In die protokolle van die Oudstes van Sion, erken hulle openlik dat een persoon met kennis wat dit REG gebruik, vir hulle (die bose wêreldmag) gevaarliker is as miljoene mense daarsonder. Wat sou gebeur as 'n hele oorblyfsel van 'n volk daardie kennis REG gebruik? Geen Bose mag kon nog ooit die oorhand oor ons volk kry nie, aangesien ons gees van ootmoed telkens gesorg het dat God in ons nood

ingryp om ons verlossing te bewerkstelling. Al te goed het hierdie bese magte besef dat hierdie gees van ootmoed voor God eers uitgeblus moet word alvorens hulle ons volk suksesvol sou verower.

Solank as wat die gees van ootmoed teenoor God in ons harte heers, sal ons onself altyd geroepe voel om as knegte van die Allerhoogste tot die stryd toe te tree om vir die Waarheid, God se heerlikheid en om die behoud van ons land te veg - die land wat Hy aan ons toevertrou het om as 'n afgesonderde volk daarin vir Hom te leef. Solank as wat die gees van ootmoed in ons harte heers, sal ons onself, ons volk, vaderland en onse dierbare God en Vader nimmer kan verloën nie.

Ons enigste uitweg uit ons ellende sal die behoud van ons geloof wees. Ek is seker dat enige regdenkende, nugter, Godsvresende, Boere-Afrikaner-nasionalis al teen hierdie tyd tot die besef gekom het dat ons stryd nie teen 'n onbevoegde swart meerderheidsregering is nie, maar teen die verraderlike duistere magte agter hulle. Hierdie duistere magte wat ons nooit op 'n eerbare manier gegun is om op 'n slagveld te kon verower nie, het ons in 'n geestelike oorlog ingetrek waarvoor ons alles behalwe weerbaar was. Ongelukkig het hierdie strategie uiters suksesvol gewerk en het hulle mense by hul duisende oor die afgrond gesleep.

Hierdie Trojaanse-perd-strategie het myns insiens 'n meer verpletterende gevolg op ons volk gehad as die konsentrasiekampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog - in ag genome die ellende van armoede, egskeidings en veral GEESTELIKE ARMOEDE wat hierdie breinspoeling onder ons mense veroorsaak het.

Maar soos ons kennis van God en ons geloof in Hom groei, word hierdie verborgenhede al duideliker aan ons geopenbaar en wil ons onself afvra of ons ooit weer uit ons ellende sal kan opstaan? Ons volk was nie geestelik weerbaar genoeg om hierdie aanslag af te weer nie; hoe sou ons ons weg nou hier kan uitveg terwyl ons nog meer verward as ooit vantevore is?

Met die aanslag van misleiding en die suksesvolle nekslag van verraad het ons vyand ons onbewustelik op die perfekte posisie laat beland om 'n kragtige teenaanval te loods – op ons knieë! Ons staan nie soos volksverraaiers en Godloënaars op ons knieë voor ons vyande nie, maar op ons knieë voor ons Almagtige Vader in geloof en ootmoed.

In ware geloof het kinders van God al ongelooflike take in diens van God verrig. (Heb. 11 is 'n hele hoofstuk wat daaraan gewy word en moet verseker op hierdie punt van die skrywe deeglik bestudeer word). In ware geloof sal ons as diensknegte van die Allerhoogste ook kan stry om Sy vyande te maak 'n voetbank van Sy Voete. (Heb. 10:13). Ons sal in staat wees om die smaad en bespotting ter wille van die waarheid te dra om ook te mag hoor: “Die wêreld was hulle nie werd nie...” (Verw. na Heb. 11:27)

Ons weet dat die Hand van die Here nie te kort is om te help en Sy Oor nie te swaar is om te hoor nie. Ons weet ook dat ons die skeidsmuur van ons ongeregthede wat tussen ons en Hom staan moet afbreek (Verw. Jes. 59:1&2).

Ek roep elke mede-gelowige, nasionalistiese volksgenoot wat hierdie besef met my deel vandag op om jou daadwerklik voor ons Heilige, Almagtige Vader te verootmoedig. Hy wie se genade en barmhartigheid onbegryplik groot is oor die wat Hom vrees.

Onthou, verootmoediging is nie 'n eenmalige skuldbelydenis nie. Verootmoediging begin by 'n skuldbesef en –belydenis en word gevolg deur 'n vernuwende lewenswyse waarin ek elke dag in ware ootmoed voor God probeer leef.

Ongelukkig gaan daar net die spreekwoordelike Gideonsbende wees wat hul aan hierdie verootmoedigingsoproep sal verbind (Jes. 10:19), maar ons kan uitsien na die belofte van God se verlossing wat spoedig, op die regte tyd, deur Sy reddende Regterhand vir ons bewerk sal word tot eer en verheerliking van Sy grote, wonderlike en heilige Naam!

EINDE